# HOOFSTUK 2

# DIE AANSLAG OP DIE VAALDRIEHOEK

## 2.1 INLEIDING

Daar is reeds tydens die Tweede Wêreldoorlog, 1939–1945, besef dat die Vaaldriehoek in 'n oorlogsituasie 'n teiken sou wees.[1] Die Rivonia verhoor van 1963 het Operasie Mayibuye, wat bedoel was om die regering gewelddadig omver te werp, blootgelê. Volgens Operasie Mayibuye moes strategiese pad- en spoorverbindings, kragstasies en belangrike industriële stellasies gesaboteer word.[2] Vaaldriehoekers het in die sestiger- en sewentigerjare deur middel van tydskrifte en dagblaaie van die terroristestryd in Suidwes-Afrika, Rhodesië en Mosambiek kennis geneem.[3] Dit was egter eers ná die koloniale bevryding van Mosambiek en Angola in 1974, dat inwoners van die Vaaldriehoek besef het dat 'n terroristestryd eendag ook op eie drumpel gevoer kon word. Die moontlikheid van 'n militêre aanval op Suid-Afrika met die Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoek (PWV) gebied as 'n teikenarea, is ook in gedagte gehou.[4]

Daar was 'n aantal redes wat die Vaaldriehoek as 'n teiken uitgesonder het. Die Vaaldam, fabrieke soos die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (ISCOR) en die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (SASOL), en die

---

[1] Vgl. H. Strydom, *The fourth Reich* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1990), p. 245.

[2] H.H.W. de Villiers, *Rivonia: Operation Mayibuye* (Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1964), p. 69.

[3] C. Barnard, " 'n Romantiese mite verkrummel", *Huisgenoot*, nr.43, 25 Oktober 1974, p. 20; K. van der Merwe, "Vuurdoop van die grensvegter", *Huisgenoot*, nr.26, 28 Junie 1974, p. 24.

[4] A.J. Venter (ed.), African military potential into the ninetees in *Challenge: Southern Africa within the revolutionary context: An overview* (Gibraltar, Ashanti, 1989), pp. 438 & 441; S. Stander, *Like the wind: Story of the South African Army* (Cape Town, Saayman & Weber, 1985), p. 51; Anon, "In brief: Zambia has placed a secret order for 16 Soviet MiG-21 fighter bombers", *To the Point*, 9(6), p. 15.

kragstasies van die streek was van nasionale belang.[5] Vyandelike aksies wat tussen 1974 en 1994 in die Vaaldriehoek voorgekom het, is hoofsaaklik deur die gewapende vleuels van die *African National Congress* (ANC) en die *Pan African Congress* (PAC) uitgevoer. Die aktiwiteite van dié organisasies het gefokus op sabotasie, die stig van wapenopslagplekke en om die massa vir 'n volksoorlog voor te berei.

## 2.2 DIE VAALDRIEHOEK TEEN DIE AGTERGROND VAN 'N KONVENSIONELE AANSLAG

Alhoewel die Vaaldriehoek ver van die landsgrense was, het militêre verwikkelinge en tegnologie egter meegebring dat dié streek binne die bereik van 'n vyandelike konvensionele aanslag was.[6] Die streek kon maklik deur moderne vegvliegtuie van buurstate aangeval word.[7] Die Klippan Beheer- en Meldingspos van die lugmag was een van die radarposte aan die wesgrens met Botswana wat die PWV-gebied teen vyandige lugaanvalle gewaarsku het.[8] Die radarpos by Ellisras het vyandelike lugaktiwiteit van die noorde gemonitor en die een by Mariepskop aktiwiteit van die ooste.[9]

Die moontlikheid van 'n konvensionele aanslag teen Suid-Afrika is in berekening gebring.[10] Daar was reeds in 1966 sprake dat die Verenigde Nasies (VN) oor 'n fyn

---

[5] L.H. Gann, "Southern Africa: No hope for violent liberation", *Paratus*, 24(4), April 1973, p. 3; R.A. Edwards, "Security problems in Southem Africa", *Paratus*, 24(6), Junie 1973, p. 7.

[6] Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), onderhoude gevoer deur skrywer, p. 22. 28072000, Viljoen, C., (66) Pretoria; Vgl. A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad* (D.Phil, PU vir CHO, 1983), pp. 76,79; Vgl. G. Kruys, "Strategic study of SA's defence posture in the nineties: A foreward moving military", *Paratus*, 43(8), Augustus 1992, p. 14.

[7] G. Kruys, "Strategic study of SA's defence posture in the nineties: A foreward moving military", *Paratus*, 43(8), Augustus 1992, p. 14; Anon, "Rooi aanslag op Suider Afrika" *Afrika- instituut bulletin*, nr. 9, 1972, p. 355.

[8] E. Garnett-Bennett, "Klippan Beheer- en Meldingspos: Lugmag se waghond aan die wesgrens-Industriële hartland beskerm", *Paratus*, 41(10), Oktober 1990, p. 33.

[9] T. G. E. Cockbain, "Mariepskop: Technological bastion", *Paratus*, 27(7), Julie 1976, p. 12; Vgl. ook MAV, p. 222. 06122000, Kritzinger, W.H., (58) Pretoria.

[10] W.C.J. van Rensburg & D.A. Pretorius, *South Africa's strategic minerals: Pieces on a continental chessboard* (Johannesburg, Valiant, 1977), p. 132.




Illus. 8: Die Klippan Beheer- en Meldingspos op die wesgrens wat vyandelike vliegtuie op pad na die PWV-gebied moes opspoor. 'n Lugaanval sou eerder van die rigting van Botswana kom.

Bron: N. de Bois, "Klippan BMP", *Paratus*, 41(10), Oktober 1990, p. 32.

uitgewerkte plan vir militêre optrede teen Suid-Afrika beskik het.[11] Die vyandiggesindheid van Afrika-state het daartoe gelei dat daar bespiegel is oor die moontlikheid van 'n inval wat vanuit die noordelike state kon plaasvind.[12] Daar is verwag dat 'n rewolusionêre stryd en grootskaalse binnelandse onrus uiteindelik tot 'n konvensionele aanslag sou lei.[13]

In 1972 is Oefening Longtom gehou waar Potchefstroom die doelwit van vyandelike magte was wat vanaf die noordweste aangeval het.[14] Een van die aanval-asse waarlangs 'n invalsmag sou beweeg, is geïdentifiseer as vanaf Botswana direk in die rigting van die PWV-gebied.[15] Die afstand na die PWV-gebied sou egter groot logistiese eise aan 'n invalsmag stel, terwyl die golwende hoëveldse landskap die verdediger bevoordeel het.[16]

In die werk van Arthur Keppel-Jones, *When Smuts goes,* wat in 1949 verskyn het, word die plek van die Vaaldriehoek in 'n konvensionele oorlog belig. Hy skryf byvoorbeeld hoedat die Britse lugmag gedurende die nag van 12 en 13 Junie 1977 die treinbrug by Vereeniging bombardeer. In die loop van die oorlog teen Suid-Afrika word die spoorwegwerf in Vereeniging dikwels gebombardeer. Teen die einde van Junie 1977 word uitgesoekte teikens in die PWV-gebied, waaronder ook Vereeniging, gebombardeer. Daar word in dié werk ook genoem dat die Suid-

---

[11] Anon, "U.N. Plans invasion of South Africa", *Combat*, nr. 37, Januarie – Maart 1966, p. 1; MAV. p.18, 06071999, Malan, M. de M., (69) Pretoria.

[12] Anon, "Rooi aanslag op Suider Afrika", *Afrika-instituut bulletin*, nr. 9, 1972, p. 355.

[13] Anon, "Verdedigingsdebat: Vyand word desperaat", *Paratus*, 31(11), November 1981, p. 23; Vgl. Suid-Afrikaanse nasionale museum vir krygsgeskiedenis (SANMK), Johannesburg, Lêer 2, 967.303, Anon, Operasie Protea: Veggroep 20 bevelvoerdersdagboek, deel 1, p. 6.

[14] Anon, "Oefening Longtom", *Paratus*, 23(8), Augustus 1972, p. 19.

[15] MAV, p. 222. 06122000, Kritzinger, W.H., (58) Pretoria; L.H. Gann, "Southern Africa: No hope for violent liberation", *Paratus*, 24(4), April 1973, p. 13; R.A. Edwards, "Security problems in Southern Africa", *Paratus*, 24(6), Junie 1973, p. 7.

[16] B. Pogrund, "Why an invasion of S.A. would be impossible", in *Rand Daily Mail*, 29.10.1969.

Afrikaanse lugafweerartillerie in die gebombardeerde gebiede bo verwagting effektief was.[17]

Die aanslag op SASOL I op 1 Junie 1980 het daartoe gelei dat daar besef is dat afstand nie meer die vyand sou terughou nie.[18] Teen 1985 was die moontlikheid vir 'n konvensionele aanslag en terroriste infiltrasie na die PWV-gebied die grootste vanuit Botswana.[19] Swart militêre organisasies het getoon dat hulle instellings van nasionale belang kon aanval en dat die stryd nie meer tot die grens met Angola beperk was nie.

## 2.3 DIE ROL VAN SHARPEVILLE IN DIE GEWAPENDE STRYD

Die Sharpeville voorval word as 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou.[20] Na dié voorval was die Suid-Afrikaanse historiese landskap nie weer dieselfde nie.[21] Sharpeville was aan die begin vyftigerjare 'n model swart woongebied. Teen die einde van die vyftigerjare het die situasie egter verander. 'n Groot persentasie van jong swart mense was werkloos. Inwoners van die ou toplokasie is na Sharpeville verskuif en diegene wat nie die hoër huur kon bekostig nie, is na die tuislande teruggestuur. Dié faktore het die inwoners van Sharpeville, Bophelong, Boipatong en Evaton ontvanklik vir die boodskap van die PAC gemaak.[22]

---

[17] A. Keppel-Jones, *When Smuts goes: A history of South Africa from 1952 – 2010* (Pietermaritzburg, Shuter &Shooter, 1949), pp. 184 –185; Sien hier ook hoofstuk 3, die lugafweerregimente op Vereeniging.

[18] Anon, "Vlammenag", in *Vaalweekblad*, 03.06.1980; Anon, "Jongmanne moet weer besin oor hul plig" in *Vaalweekblad*, 09.06.1981.

[19] R. Labuschagne, *On South Africa's secret service: An undercover agent's story* (Alberton, Galago, 2002), p. 86; Vgl. ook MAV, p. 222. 06122000, Kritzinger, W.H., (58) Pretoria.

[20] TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report* (Cape Town, Juta, 1998), p.529; A. Reeves, The Sharpeville massacre- a watershed in South Africa (http://www.anc.org.za/ancdocs/history/misc/shareve.html), p. 7.

[21] P. Frankel, *An ordinary atrocity: Sharpeville and its massacre* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 2001), p. 3.

[22] I. Liebenberg (e. a. eds), The long march: The story of the struggle for liberation in South Africa (Pretoria, Haum, 1994), p. 107; Vgl. A. Reeves, The Sharpeville massacre- a watershed in South Africa (http://www.anc.org.za/ancdocs/history/misc/shareve.html), p. 5.




Illus. 9: Sarracen pantserkarre in Sharpeville, Maart 1960.
Bron: H. R. Pike, *A history of communism in South Africa* (Pretoria, Sygma, 1985), p. 343.

Toe die ANC in Desember 1959 besluit het om op 31 Maart 1960 met 'n vreedsame veldtog teen die paswette te begin, het die PAC besluit om met sy eie veldtog op 21 Maart 1960 te begin. Die PAC wou hê dat die veldtog uiteindelik daartoe lei dat hy die land kon oorneem. In Sharpeville het 10 000 mense by die polisiestasie saamgedrom. Die polisie het bedreig gevoel en op die skare geskiet.[23] Dié voorval, waarin 69 mense gedood is, het tot 'n hewige reaksie in die buiteland gelei.[24] 'n Noodtoestand is in 122 van die 265 landdrosdistrikte afgekondig en die burgermag is gemobiliseer, veral omdat die gevaar bestaan het dat 'n wegblyaksie die nywerhede kon verlam.[25] Op 8 April 1960 is die ANC en die PAC tot verbode organisasies veklaar.[26]

Die PAC en die ANC het ná Sharpeville hulle beleid van passiewe verset laat vaar en tot gewapende verset oorgegaan.[27] Die Suid-Afrikaanse regering het in 'n poging om rewolusionêre aktiwiteite aan bande te lê, wetgewing aangeneem wat inbreuk op die regte van die individu gemaak het.[28] Ná Sharpeville het die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) sy beleid ten gunste van die regering verander. Die *Verdedigingwet* is in 1961 verander om die regering in staat te stel om die binnelandse bedreiging die hoof te bied.[29] Die tydperk van militêre opleiding is

[23] T.H.R. Davenport, *South Africa: A modern history* (Bergvlei, Southern Book, 1988), p. 395; W. Smith, *Rage* (London, Pan books, 1987), p. 482; A. Reeves, The Sharpeville massacre- a watershed in South Africa (http://www.anc.org.za/ancdocs/history/misc/shareve.html), p. 3.

[24] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, Academica, 1984), p. 511; J. Pampallis, *Foundations of the new South Africa* (London, Zed books, 1991).

[25] T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, p. 397.

[26] T.R.H. Davenport & C. Saunders, *South Africa: A modern history: Fifth edition* (London, Macmillan, 2000), p. 415; P. Frankel, *An ordinary atrocity*, p. 5.

[27] J. Cock en L. Nathan (eds.), *War and Society: The militarisation of South Africa* (Johannesburg, David Phillip, 1989), p. 1; M. Morris, *Armed conflict in Southern Africa: A survey of regional terrorisms from their beginnings to the present, with a comprehensive examination of the Portuguese situation* (Cape Town, Jeremy Spence, 1974), p. 281.

[28] C. F. J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 520.

[29] E. G. M., McGill Alexander, *The militarisation of South African white society 1948-1990* (Referaat gelewer by die Militêre Akademie tydens konferensie 'SA at war in the 20$^{th}$ century' 4-6 September 2000), p. 15.

verleng, terwyl 'n polisiereservistekorps geskep is.[30]

*Umkhonto we Sizwe* (MK) en POQO (later APLA) was die hoofgroeperings in die gewapende veldtog.[31] In die tyd tussen die Rivonia-verhoor in 1963 en die Soweto-onluste in 1976 was MK en APLA se binnelandse werksaamhede gering. Dit was eers teen die tagtigerjare dat daar op die swart massa gekonsentreer is. Vir die ANC was MK die instrument van 'n nasie in politieke beweging. *Umkhonto we Sizwe* het die massas georganiseer om in opstand te kom.[32] Die *United Democratic Front* (UDF), *Mass Democratic Movement* (MDM) en *SA National Civic Organisation* (SANCO) het as binnelandse frontorganisasies vir MK gedien.[33]

## 2.4 DIE AKTIWITEITE VAN *UMKHONTO WE SIZWE* (MK) IN DIE VAALDRIEHOEK

Die gewapende vleuel van die ANC, *Umkhonto we Sizwe*, het sy eerste aanvalle op 16/17 Desember 1961 aan die Witwatersrand gedoen.[34] In die 18 maande daarna was daar ook vyf bomaanvalle in die Vereeniging distrik.[35] Die aanwending van geweld as 'n vorm van protes het tot toenemende militarisering gelei.[36] Die pogings het gelei tot die promulgering van die *Wet op Sabotasie* (Wet 76/1962).[37] Nadat die ANC en PAC tot verbode organisasies verklaar is, is daar geen ander

---

[30] T. R. H., Davenport, *South Africa: A modern history*, p. 404.

[31] T. R. H., Davenport, *South Africa: A modern history*, p. 403.

[32] ANC, Further submissions and responses by the ANC to questions raised by the commission for truth and reconciliation (www.anc.org.za/ancdocs/misc/trc2.html), p. 3.

[33] SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF: SA Defence Force involvement in the internal security situation in the republic of South Africa (http://www.truth.org.za/submit/sadf.htm), p. 12.

[34] R. I. Rotberg, *Suffer the future: Policy choices in Southern Africa* (London, Harvard, 1980), p. 71.

[35] TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 553.

[36] Ibid.

[37] H. D. Stadler(ed.), *The other side of the story: A true perspective* (Pretoria, Contact, 1997), p. 24.

oplossing as 'n militêre stryd gesien nie.[38] In die periode 1961-1963 is as deel van Operasie Mayibuye landwyd dade van sabotasie uitgevoer.[39] Die Rivonia verhoor was 'n terugslag vir MK en daar sou eers weer heelwat later met 'n verskerpte aanslag begin word.[40] Die *Algemene Regswysigingswet* (No.37 van 1963) het bedoel om MK en POQO se rug te breek.[41] Beide die ANC en PAC moes die stryd vanuit die buiteland voortsit. Die enigste gebied waar die gewapende stryd 'n werklikheid was, was in die destydse Rhodesië waar die Suid-Afrikaanse polisie met vryheidsvegters slaags geraak het.

Die val van die Portugese bewind in Mosambiek en Angola in 1974 het aan rewolusionêres in Suid-Afrika nuwe hoop gegee.[42] Rewolusionêres het daardeur ook basisse nader aan die Suid-Afrikaanse grens bekom.[43] Die Soweto onluste van 1976 het 'n groot rol daarin gespeel om mense by MK te laat aansluit.[44] Daar het ook uit die Vaaldriehoek heelwat swart mense by MK aangesluit.[45] Drie fases word in die stryd tussen 1977-1979 onderskei, naamlik skepping van kommunikasiekanale, ontwikkeling van selstrukture en die stig van wapenopslagplekke. Tussen 1980 en 1981 het aanvalle op strategiese teikens gevolg. Vanaf 1983 is daar met 'n veldtog van bomaanvalle begin. Die verdrag van Nkomati op 16 Maart 1984 het die ANC se operasionele vermoë vanuit Mosambiek en Swaziland 'n ernstige terugslag besorg. Dit het tot gevolg gehad dat die stryd sedert 1984 op massa-aksie gerig is.[46]

---

[38] M. Uhlig, "De zwarte toekoms van Zuid-Afrika", in *Intermediair*, 24.02.1984, p. 25.

[39] H. D. Stadler(ed.), *The other side of the story*, p.27; Vgl. ook H. R. Pike, *A history of communism in South Africa* (Germiston, Christian mission international of South Africa, 1985), p. 379.

[40] H. D. Stadler(ed.), *The other side of the story*, p. 28. Vgl. ook H. R. Pike, *A history of communism in South Africa*, p. 388.

[41] C. F. J. Muller(red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 548.

[42] L. H. Gann & P. Duignan, *South Africa: War, Revolution, or Peace?*, (Stanford, Hoover institution press, 1979), p. 43 & 46; Vgl. ook R. I. Rotberg, *Suffer the future...*, p. 86.

[43] SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF: SA Defence Force involvement in the internal security situation in the republic of South Africa (http://www.truth.org.za/submit/sadf.htm), p. 14.

[44] T. R. H., Davenport, *South Africa: A modern history*, p. 458.

[45] MAV, p.184. 12072000, Moisi, D., (44) Vereeniging.

[46] T. R. H. Davenport, *South Africa: A modern history*, pp. 458,459.

### 2.4.1 DIE KONSEP *PEOPLE'S WAR*

Aspekte oor die voer van 'n rewolusionêre oorlog, wat die ANC afvaardiging tydens sy besoek aan Viëtnam in 1978 geleer het, is die eerste keer in die Vaaldriehoek toegepas, soos die grusame moorde op raadslede van getuig.[47] Sleutelaspekte van die Viëtnamese stryd, naamlik die kombinasie van 'n politieke en militêre stryd en die mobilisasie van die bevolking was 'n klassieke resep vir rewolusionêre oorlog.[48] Die eerste pilaar van die *people's war* was die stigting van ondergrondse strukture. Die tweede pilaar was massamobilisasie, waarna bevryde areas geskep moes word.[49] Die jeugliga van die ANC, *Congress of South African Trade Unions* (COSATU), en die *Civics* het 'n groot rol in die realisering van die *people's war* gespeel.[50] Op die Kabwe-konferensie wat in Zambië in Junie 1985 gehou is, het die ANC leierskap onder meer besluit dat van gewapende propaganda na 'n *people's war* beweeg moes word. Daarom het die gevalle van gewapende verset teen die middel van die tagtigerjare dramaties toegeneem.[51] Die aktiewe weerstandfase het in 1986 met die vestiging van bevryde areas aangebreek. Daarna is daar na die guerillaoorlog-voeringsfase beweeg.[52]

Alhoewel geen spesifieke slagorde teen die staat opgetrek is nie, was die mobilisering van die massa van groot betekenis.[53] Thabo Mbeki het in 1980 verklaar

---

[47] MAV, p.23. 28072000, Viljoen, C., (67) Pretoria; K. Owen, *These times: A decade of South African politics* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1992), p. 14.

[48] SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF: SA Defence Force involvement in the internal security situation in the Republic of South Africa (http://www.truth.org.za/submit/sadf.htm), p. 14.

[49] SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF: SA Defence Force involvement in the internal security situation in the Republic of South Africa (http://www.truth.org.za/submit/sadf.htm), p. 17.

[50] J.V. van der Merwe, Submission to the Truth and Reconciliation Commission, 21 Oktober. 1996, p.24; Vgl. ook MAV, p. 181, 04072000, Visser, L., (42) Vanderbijlpark.

[51] R. Labuschagne, *On South Africa's secret service*, p. 89; P. L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future of South Africa: Visions, strategies and realities* (Cape Town, Human & Rousseau, 1988), p. 97.

[52] P. L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future of South Africa: Visions, strategies and realities*, pp. 95 – 104; H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story*, pp. 72 – 83.

[53] M. A. de M. Malan., Submission to the truth and reconciliation commission (http://www.truth.org.za/submit/malan.htm), p. 8.

dat 'n bosoorlog nie wenslik in Suid-Afrika was nie. Die ontwikkelde aard van die land en die feit dat die land nie oor bosse en woude soos Mosambiek en Angola beskik het nie, het 'n volskaalse militêre stryd uitgesluit. Die guerillas was ook nie teen die weermag opgewasse nie. Daarom is daar besluit dat die swart massa die bos sou wees.[54] *People's war* is met die aktiewe steun van frontorganisasies en vakbonde gevoer. Die *United Democratic Front* (UDF) was die vernaamste frontorganisasie.[55] Teen 1981 was die bevordering van binnelandse onrus en arbeidsonrus die hoofkomponente van verset.[56]

Stakings, protesoptogte en die mobilisasie van die jeug, gewapende aanvalle en sabotasie was deel van die *people's war*-gedagte.[57] Die land moes onregeerbaar gemaak word deur die skepping van nuwe organisatoriese strukture, soos straat-, sone- en blokstrukture. [58] Dié strukture is as die oproep tot die konsep van die *people's power* gesien.[59] Die onrus wat in die Vaaldriehoek in September 1984 uitgebreek het, het *people's war* vroegtydig laat begin.[60] Na die 1984 onluste het die ANC gevra dat die stryd op alle fronte verskerp moes word.[61] Alhoewel die ANC die onrussituasie tot 'n opstand wou laat ontwikkel, het hy nie die militêre vermoë

---

[54] M.A. de M. Malan., Submission to the truth and reconciliation commission (http://www.truth.org.za/submit/malan.htm), p. 12.

[55] D. Jensen, "Huurverhoging en dalk UDF agter onluste", in *Vaderland*, 05.09.1984; MAV, p.160, 27072000, Van der Walt. F.P., (42) Vereeniging.

[56] SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF: SA Defence Force involvement in the internal security situation in the Republic of South Africa (http://www.truth.org.za/submit/sadf.htm), p. 27.

[57] H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story*, p. 43; MAV, p. 208, D.W. de Villiers, (55) 23112000, Parys.

[58] M. Hough, "Revolutionary warfare (iii): The ANC", *Paratus*, 36(10), Oktober 1985, p. 51.

[59] E. Potenza (e.a), *Images of defiance: South African resistance posters of the 1980's* (Johannesburg, Ravan, n.d.), p. 15.

[60] J. Rantete, *The African National Congress and the negotiated settlement in South Africa*, p. 123.

[61] ANC, Further submissions and responses by the ANC to questions raised by the commission for truth and reconciliation (www.anc.org.za/ancdocs/misc/trc2.html), p. 6.

daartoe gehad nie.[62] Die gedagte was dat '*every patriot a combatant*' moes wees.[63] Daar is gehoop dat Suid-Afrika bevry sou kon word nadat 'n opstand in die stede uitgebreek het. Die onluste van September 1984 het gunstige toestande geskep, ten einde die lank verwagte *people's war* te laat realiseer.[64] Swart woonbuurte moes oorgeneem word en dan as 'n magsbasis teen die regering gebruik word.[65]

In September 1984 het die UDF egter 'n beroep daarop gedoen dat van passiewe weerstand na militante aksie beweeg moes word.[66] Dié organisasie was verantwoordelik vir die moord op swart raadslede en polisiemanne. Op 3 September 1984 is vier swart raadslede deur lede van die UDF vermoor.[67] Die voorsitter van die Lekoa-stadsraad, Esau Mahlatsi, is verbrand.[68] Mense is tot in die negentigerjare grusaam vermoor. So byvoorbeeld is in 1992 'n polisieman in Sharpeville vermoor en opgekap terwyl 'n swart soldaat ook doodgeskiet is.[69] Die moorde op raadslede en polisiemanne is as 'n bedreiging vir die veiligheid van die staat gesien.[70] Regeringsondersteuners en verraaiers is op die halssnoermetode tereggestel of geskiet.[71] Sulke dade is as deel van die *people's war* gesien.[72] In Junie 1985 het 22

---

[62] TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report* (Cape Town, Jura, 1998), p. 346.

[63] J. Rantete, *The African National Congress and the negotiated settlement in South Africa*, p. 125.

[64] S. Ellis, T. Sechaba, *Comrades against apartheid*, (Indiana, Indiana University Press, 1992), p. 145.

[65] MAV, p.159. 27072000, Van der Walt, F.J., (42) Vereeniging; Anon, "Failure of codesa: Headaches for FW, dilemma for Mandela", *Impact*, nr.5, Junie 1992, p. 3.

[66] SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF: SA Defence Force involvement in the internal security situation in the republic of South Africa (http://www.truth.org.za/submit/sadf.htm), p. 27; Vgl. MAV. p. 113. 23042000. Molefi, M. M., (44) Vereeniging,

[67] TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 383.

[68] MAV, p. 243. 27072001, F. J. Mahlatsi (56), Vereeniging,; Vgl. ook J. Verster, "Onluste word voort", in *Vaderland*, 04.09.1984; Anon, "Onluste eis hoë tol: Spanning laai op", in *Beeld*, 04.09.1984.

[69] Anon, "Kinderbendes regeer", in *Vaalweekblad*, 29.05.1992; Anon, "Polisieman opgekap: Afgryslike tonele in swart buurte", in *Vaalweekblad*, 05.06.1992.

[70] TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 599; Vgl. MAV. p. 144. 26062000. Deyzel, G., (39) Vanderbijlpark.

[71] MAV, p. 153. 26062000, A. Joubert, (38), Vanderbijlpark.

lede van die UDF in die landdroshof in Pretoria op aanklagte van hoogverraad verskyn.[73] Die ANC het die Sharpeville ses ondersteun.[74] Die saak oor hoogverraad, die Delmas hoogverraadsaak, is eers in 1988 afgehandel.[75] Die UDF het in sy voorlegging voor die WVK aangevoer dat politieke onvolwassenheid, wantroue en 'n militaristiese kultuur bygedra het tot menseregteskendings.[76]

Vakbonde het ook 'n rol in die *people's war* gespeel. Dit was die doelstelling van COSATU om die ekonomie deur middel van stakings en wegblyaksies lam te lê.[77] Die ontplooiing van die weermag in swart woongebiede het daartoe gelei dat vakbonde die spreekbuis van die rewolusionêres geword het.[78] COSATU het ook in die Vaaldriehoek agter diefstal en sloerstakings met die oog op nywerheidsabotasie gesit.[79] Verbruikersboikotte was deel van die stryd en hoofsaaklik blanke besighede is geboikot.[80] Vakbonde het in so 'n mate militant geword dat COSATU tydens die Meidagvieringe van 1991 gevra het dat die massa hulleself moes bewapen.[81] Jeugorganisasies het 'n groot rol gespeel om die swart jeug te radikaliseer.[82] Swart

[72] TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report* (Cape Town, Juta, 1998), p. 666; Vgl. ook ANC, Further submissions and responses by the ANC to questions raised by the commission for truth and reconciliation (www.anc.org.za/ancdocs/misc/trc2.html), p. 8.

[73] Anon, "Vaal-onluste: 22 voor op verraad-klagte", in *Vaalweekblad*, 14.06.1985; Anon, "ANC recruits told to kill community councillors – claim: Treason trail hears of soft targets", in *Star*, 29.01.1986.

[74] ANC, Further submissions and responses by the ANC to questions raised by the commission for truth and reconciliation (www.anc.org.za/ancdocs/misc/trc2.html), p. 11.

[75] I. De Lange, "Delmas trail judge recalls malicious UDF campaign", in Citizen, 16.11.1988; Vgl. MAV, p. 80. 22022000, Coetzee. E. R., (47) Risiville.

[76] TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 381.

[77] Anon, "How ANC/UDF manipulate militant labour", in *Aida Parker Newsletter*, nr.85, 1 Julie 1985, p. 17.

[78] Vgl. W. Cobett & R. Cohen (eds.), *Popular struggles in South Africa*, p. 29.

[79] MAV, p. 160. 27072000, Van der Walt, F.P., (42) Vereeniging.

[80] TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 381.

[81] Anon, "Cosatu's action pragramme: De Klerk and his gang must be replaced", *in Vaal Ster*, 06-10.05.1991.

[82] B. Strachan, *Never on our knees: Youth in Apartheid South Africa* (London, United Nations Association Youth, 1985), p. 54.

jeugdiges is as die voetsoldate van die stryd gesien.[83] Die *National Union of South African Students* (NUSAS), *Azanian Students Organisation* (ASOSO) en die *Congress of South African Students* (COSAS) was ook in die Vaaldriehoek aktief.[84] Die *Bophelong Youth Congress* (BOYCO) was by die UDF geaffilieer en het gepoog om swart gemeenskapsrade omver te werp.[85] Die *United Students Youth Front* (USAYF) het gepoog om *COSAS* se hand te sterk.[86] Die *Azanian People's Organisation* (AZAPO) was insgelyks in die Vaaldriehoek bedrywig, terwyl die *Vaal Civic Association* ook 'n rol daarin gespeel het om die jeug te mobiliseer.[87]

Uitsendings van die verbode buitelandse sender van die ANC, *Radio Freedom*, soos die volgende uitsending van 6 Mei 1985, het verset aangeblaas:

> Ambushes must be prepared for policemen and soldiers... with the aim of capturing weapons from them. Our people must also manufacture home-made bombs and petrol bombs with material that can be locally obtained. After arming ourselves in this manner, our people must begin to identify collaborators and enemy agents and deal with them. [88]

Die Vaaldriehoek onluste was van groot betekenis vir die *struggle*. Die gebeure van 4 September 1984 het tot 'n verandering in die strategie van die ANC rondom die gewapende veldtog gelei.[89] Volgens dié veranderde strategie was daar 'n verskerping in die militêre en politieke offensief en die benadering ten opsigte van

---

[83] W. Cobett & R. Cohen (eds.), *Popular struggles in South Africa*, p. 193.

[84] MAV, p. 176, 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

[85] Anon, *Swart bewussyn en jeugorganisasies in Suid-Afrika* (Ongepub. Lesing van Suid-Afrikaanse Polisie, s.u., s.d.,), p. 82.

[86] Anon, *Swart bewussyn en jeugorganisasies in Suid-Afrika*, p. 55.

[87] Anon, *Swart bewussyn en jeugorganisasies in Suid-Afrika*, p. 17; P. Sakoane, "Pass one, pass all – or we shoot!", in *Vaal Ster*, 11-15.01.1993.

[88] M. A. de M. Malan, Submission to the truth and reconciliation commission (www.truth.org.za/submit/malan.htm), p. 13; Anon, "The men who burn people alive", in *Aida Parker Newsletter*, 1 Julie 1986, nr. 85, p. 3.

[89] J. Frederickse, *South Africa a different kind of war: From Soweto to Pretoria* (Johannesburg, Ravan, 1987), p. 178.




Illus. 10: COSATU-optrede in die Vaaldriehoek. Nywerheidsaksie was deel van die *people's war*-konsep. Datum onbekend.

Bron: *Veiligheidspolisie Vereeniging.*



Illus. 11: Onluste in Sharpeville. *People's war* het ook die mobilisering van die massa behels. Datum onbekend.

Bron: *E. R. Coetzee fotoversameling.*

burgerlike ongevalle.[90] Ekonomies gesproke het die *people's war* 'n groot impak op die Vaaldriehoek gehad. Die staking van 5 en 6 November 1984 het die nywerhede van die Vaaldriehoek en die Oos-Rand feitlik tot stilstand gebring.[91] Gereelde stakings en wegblyaksies het daartoe gelei dat maatskappye soos Arwa, Basa en Metro Clothing op Parys en Vitro op Meyerton moes sluit.[92] Die 1984 onluste het tot die militarisering van burgerlike gemeenskappe aanleiding gegee en het landwyd uitgekring.[93]

*Umkhonto we Sizwe* het 'n groot rol in die mobilisasieproses gespeel. Massa- geweld en propaganda is gebruik om die swart woongebiede onregeerbaar te maak.[94] Daar is gepoog om die hele swart gemeenskap te betrek.[95] Die *people's war* moes stapsgewyse tot 'n volskaalse oorlog ontwikkel. Die bewapening van die massa, die stig van alternatiewe strukture, guerillaoorlogvoering, opstand, sowel as die inrig van basisse deur guerillas was deel van dié proses.[96] 'n Volledige guerrillaoorlog het egter nooit gerealiseer nie.[97]

## 2.4.2 OPERASIONELE OPTREDE VAN MK

Voornemende MK-lede is ook in die Vaaldriehoek gewerf waarna hulle opleiding in die buiteland ondergaan het. 'n Ene Thomas Magarosi het byvoorbeeld alleen ongeveer 200 nuwe MK-lede gewerf. Rekrute is na óf Swaziland óf Tanzanië

---

[90] TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 601.

[91] J. Frederikse, *South Africa a different kind of war: From Soweto to Pretoria*, p. 180.

[92] MAV; p. 208. 23112000, De Villiers, D.W., (55) Parys.

[93] M. Marks & P. MacKenzie, Militarised youth: Political pawns or social agents? In J. Cock & P. MacKenzie, *From development to defence: redirecting military recource*, p. 223.

[94] TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa*, p. 663.

[95] Anon, *ANC propaganda analysis: The concept of mobilisation in the ANC* (Ongepub. Lesing-materiaal SAP, s.j.), p. 43.

[96] H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story*, p. 71.

[97] F. A. du Preez, *Die rol en betekenis van die African National Congress (ANC) as rewolusionêre organisasie in die aanslag teen die Republiek van Suid-Afrika* (Ongepub. Verhandeling, UOVS, 1987), p. 264.

gestuur.[98] Gespesialiseerde opleiding is in die Sowjet-Unie (Pirivalnye en Simferopol) en in Oos-Duitsland (Teterow en Rostov) gegee.[99] David Moisi van Sebokeng het in beide plekke opleiding ondergaan.[100] Nadat Rodney Twala sy werk by Steward & Lloyds as gevolg van 'n besoek deur die veiligheidspolisie verloor het, het hy in 1975 die land verlaat om opleiding in die buiteland te ondergaan.[101] Hy het opleiding in Rasdori en in Putiyatina, in die Sowjet-Unie, ondergaan.[102] Ná opleiding in die buiteland is die land weer geïnfiltreer.[103] Van die Vaaldriehoekse MK-lede is ook in die buiteland oorlede, soos Barnard Morokoane van Parys.[104]

Die ANC se militêre koördineringskomitee was die *Regional Political-Military Committee* (RPMC). Die RPMC in Maputo was vanaf April 1978 verantwoordelik vir operasies in die Vaaldriehoek, en die Swazilandse RMPC was vanaf 1983 vir operasies in die Vaaldriehoekse swart woongebiede verantwoordelik.[105] Die gedagte was dat daar oral in Suid-Afrika organiseerders en bevelvoerders moes wees wat ondersteuners moes oplei en bewapen.[106] Lede van MK het ook elementêre opleiding in die hantering van wapens en in guerillataktieke aan inwoners van swart woongebiede in die Vaaldriehoek gegee.[107] Daar was egter nooit 'n behoorlike

---

[98] MAV, p. 175. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging; MAV. p. 144. 26062000. Deyzel, G., (39) Vanderbijlpark.

[99] F.A. du Preez, *Die rol en betekenis van die African National Congress (ANC) as rewolusionêre organisasie in die aanslag teen die Republiek van Suid-Afrika*, p. 284.

[100] MAV, p. 184. 12072000, Moisi, D., (44) Vereeniging.

[101] E. Barnard en M. Twala, *Mbokodo: Inside MK – Mwezi Twala a soldier's story* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1994), p. 13.

[102] E. Banard en M. Twala, *Mbokodo: Inside MK – Mwezi Twala a soldier's story*, pp. 18 en 22.

[103] MAV, p. 174. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

[104] Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, Kmdt. Vrystaat, Eenheidsgeskiedenislêer: Parys Kommando: Jaarverslag 1991.

[105] SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF: SA Defence Force involvement in the internal security situation in the republic of South Africa (http://www.truth.org.za/submit/sadf.htm), p. 20; S. Ellis, T. Sechaba, *Comrades against apartheid*, p.154; Vgl. ook Anon, "Polisie weet waar is terro-nes: Roete na Oos-Tvl. uitgeruik", in *Beeld*, 23.11.1982.

[106] S. Ellis, T. Sechaba, *Comrades against apartheid*, p. 155.

[107] MAV, p. 215. 27112000, Botha, W. M., (34) Vereeniging.

hoofkwartierstruktuur van MK in die Vaaldriehoek nie.[108] Alhoewel MK-operasies nooit vanuit die Vaaldriehoek beplan is nie, was daar sogenaamde '*dead letter boxes*' en '*Safe houses*' waar instruksies en boodskappe gelaat is.[109]

### 2.4.3 DIE SASOL-OPERASIE

Die militêre aktiwiteite van *Umkhonto we Sizwe* is deur sy operasionele afdeling gekoördineer. Die afdeling vir spesiale operasies was vir aanvalle en sluipmoorde verantwoordelik.[110] Die doelwit van MK was om aanvalle op strategiese plekke, geboue en nywerhede te doen, die bevolking polities te stimuleer om terrorisme te steun en om terroriste te werf.[111] Alhoewel daar sedert 1976 'n skerp toename in terreurvoorvalle was, is die Vaaldriehoek in daardie stadium nie geraak nie.[112]

Die aanval op SASOL I in die nag van 1 Junie 1980 was die eerste aanslag op die Vaaldriehoek. Die aanval was goed beplan en is beskryf as die mees dramatiese aanval tot in daardie stadium. Daar is verwag dat die aanslag 'n aanduiding daarvan was dat aanvalle in die stedelike gebiede sou toeneem. [113] ANC-kaders het tegelyk drie aanlegte van SASOL aangeval.[114] In die aanval op SASOL I en op NATREF is van kleefmyne gebruik gemaak. Die hele militêre situasie op Sasolburg het as gevolg van die aanval verander.[115] Niemand het verwag dat SASOL gesaboteer sou word nie. Die veiligheidsmaatreëls by SASOL I was swak en deur die voorgenoemde

---

[108] MAV, p. 215. 27112000, Botha, W..M., (34) Vereeniging.

[109] MAV, p. 160. 27062000, Van der Walt, F. P., (42) Vereeniging.

[110] F.A. du Preez, *Die rol en betekenis van die African National Congress (ANC) as rewolusionêre organisasie in die aanslag teen die Republiek van Suid-Afrika*, p. 267.


[111] Anon, "Jong Dames Dinamiek: Terroriste se metodes", in *Vaalweekblad*, 10.09.1982; MAV, p. 159. 27062000, Van der Walt, F. P., (42) Vereeniging.

[112] L. H. Gann & P. Duignan, *South Africa: War, Revolution, or Peace?*, p. 47.

[113] P. L. Moorcraft, *Africa's super power* (Johannesburg, Sygma, 1981), p. 59; MAV, p. 20, 0607999, Malan, M. de M., Pretoria; MAV, p. 22. 28071999, Viljoen, C., Pretoria.

[114] H. R. Pike, *A history of communism in South Africa* (Germiston, Christian mission international of South Africa, 1985), p. 497; Vgl. ook A. J. Morgan, *A symphony of power: The Eskom story* (Johannesburg, Chris van Rensburg, 2000), p. 210.

[115] Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg: vol.II, Die gebeure sedert 2 Junie 1980.



Illus. 12 Brandweermanne besig om die brande by SASOL I op 2 Junie 1980 te blus. Die aanval op SASOL was die skouspelagtigste en suksesvolste operasie van MK tot in daardie stadium.

Bron: P. L. Moorcroft, *Africa's super power* (Johannesburg, Sygma, 1981), p. 58.




Illus. 13: Die voorblad van onmiddellik na die SASOL-aanslag

Bron: *To The Point*, 13.06.1980.

aanslag het Vaaldriehoekers daarvan bewus geword dat die ANC daartoe in staat was om tot in die hart van Suid-Afrika toe te slaan.[116] Tydens die aanval op Sasolburg is vyf opgaartenks, waarvan twee met stralerbrandstof en een met diesel, beskadig.[117] Die aanslag is deur die weermag as 'n propagandapoging gesien.[118] Deur sulke gewapende propagandapogings wou MK bewys van sy eie slaankrag lewer.[119]

Verskillende brandweerspanne van Sasolburg, Vanderbijlpark, Vereeniging, ISCOR, Johannesburg, Benoni en Alberton het die brandweermanne van SASOL bygestaan, en die brandweerdiens van die lugmag het ook 'n belangrike rol in die blus van die brande gespeel.[120] Verder is onmiddellik met die opstel van padblokkades begin. Nuuskieriges moes van die gevaargebiede weggehou word.[121] Alle beskikbare polisiemanne van die Noord-Vrystaat en van die Vaaldriehoek is opgeroep terwyl die plaaslike burgerlike beskermingseenheid noodprosedures in werking gestel het. Hulle is deur die lugmag, polisie, verskillende verkeersdepartemente en kommando's van die Vaaldriehoek bygestaan.[122] Die dag ná die aanslag is die Sasolburg Kommando gemobiliseer en belangrike sleutelpunte is bewaak.[123] Kommandolede is op kort kennisgewing opgeroep om Sasolburg te beveilig.[124] In die aanslag is nege miljoen

[116] MAV, p. 16, 17091998, Coetzee, J., (42) Vanderbijlpark.

[117] Anon, "Hulp stroom na Sasolburg", in *Vaalweekblad*, 03.06.1980.

[118] MAV, p. 20, 06071999, Malan, M. de M., (69) Pretoria; MAV, p. 22. Viljoen, C., (67) Pretoria.

[119] H. R. Pike, *A history of communism in South Africa*, p. 497; Vgl. ook Anon, "Der Bombenanschlag von Pretoria", in *Deutsche Wochen-Zeitung*, 17.06.1983, p. 1.

[120] Anon, "Hulp stroom na Sasolburg", in *Vaalweekblad*, 03.06.1980; J.N. Aarons, C. Weiner, "Firefighters of the SAAF: A special breed of men", *Paratus*, 36(7), Julie 1985, p. 35.

[121] Anon, "Nag van angs en twyfel", in *Vaalweekblad*, 03.06.1980.

[122] Anon, "Hulp stroom na Sasolburg", in *Vaalweekblad*, 03.06.1980; Anon, "Terro-brande", in *Vaalweekblad*, 06.06.1980.

[123] DDD, Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg: vol. II, Mobilisasie: Sasolburg Kommando: Eenheidsorder deel 2: Aanhangsel 2.

[124] MAV, p. 12, 23071998, Claassen, N., (43) Risiville.

liter brandstof vernietig en die totale skade is op R 7 miljoen gestel.[125] Ofskoon die ANC verantwoordelikheid vir die aanval aanvaar het, is later gemeen dat ook die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) daarby betrokke was. Die aanval is in Maputo beplan, terwyl daar gemeen is dat die Sowjet-ambassadeur in Lusaka en kol. M. Ghaddafi van Libië ook 'n aandeel in die beplanning van die aanval gehad het.[126]

David Moisi van Sebokeng, was een van die MK lede wat die aanval op SASOL uitgevoer het. Die span het Suid-Afrika vanuit Mosambiek binnegekom. Moisi is tydens verkenning uit die Vaaldriehoek onttrek omdat die kans goed was dat hy as Vaaldriehoeker te maklik deur die veiligheidspolisie herken sou word. Met die nag van die aanval het hy SASOL II op Secunda gesaboteer.[127] Die SASOL-aanval is deur MK se elite Spesiale Operasies Mag uitgevoer. 'n *Komitet Gosudarstvennoy Bezopasnosti* (KGB) agent, majoor Aleksei Kozlov, wat op Jan Smuts-lughawe (nou Johannesburg Internasionaal) in hegtenis geneem is, het na ondervraging erken dat hy vooraf die teikens uitgesoek het. Hy is later vir sappeur Johan van der Mescht en nog agt Westerse agente uitgeruil.[128]

Die destydse president van die ANC, Oliver Tambo, het verklaar dat SASOL aangeval is omdat dié nywerheid 'n strategiese plek in die Suid-Afrikaanse ekonomie vervul het.[129] Die aanslag op SASOL was die eerste groot geslaagde

---

[125] Anon, "Sasol se ergste", in *Vaalweekblad*, 06.06.1980; H.R. Pike, *A history of communism in South Africa*, p. 497.

[126] Anon, "Joe Slovo het Sasolaanslag vanuit Maputo beplan", in *Vaalweekblad*, 06.06.1980; Vgl. ook H.R. Pike, *A history of communism in South Africa*, p. 479; Anon, "The heat is on", *To the Point*, 9(24), 19 Junie 1980, p. 12; Anon, "Long hand of Ghaddafi reaches to Sasol", *To the Point*, 9(24), 19 Junie 1980, p. 15.

[127] MAV, p. 184. 12072000, Moisi, D.M., (44) Vereeniging.

[128] P. Stiff, *The silent war: South African Recce Operations 1969-1994* (Galago, Alberton, 1999), p. 317.

[129] B. Strachan, *Never on our knees: Youth in Apartheid South Africa* (London, United nations association youth, 1985), p. 53; H. R. Pike, *A history of communism in South Africa*, p. 497; Vgl. ook Anon, "Der Bombenanschlag von Pretoria", in *Deutsche Wochen-Zeitung*, 17.06.1983, p. 1.

gevegsonderneming van MK.[130] Die SASOL-aanslag was deel van MK se gewapende propagandaveldtog.[131] In Junie 1980 is in 'n artikel in *To the Point* daarop gewys dat die SASOL-aanslag op die eskalering van die militêre aanslag gedui het. Die aanslag het die noodsaaklikheid vir veiligheid onderstreep en dat Suid-Afrikaners teen 'n valse gevoel van veiligheid moes waak.[132] Die SASOL-aanslag is ook as 'n voorbeeld gebruik van hoe kwesbaar die moderne samelewing teen aanvalle van terreur was. Daar is egter toegegee dat die aanslag die gewaagste en mees destruktiewe daad van sabotasie tot op daardie tydstip in Suid-Afrika was. Deur die aanslag het 'n bewuswording van die kwesbaarheid van stede en industriële instellasies ontstaan.[133] Sommige lede van die publiek het die aanslag as die vierde stadium van die kommunistiese aanslag gesien.[134] Pat Cunningham, die destydse voorsitter van die Vaaldriehoekse tak van die Sekuriteitsvereniging van Suid-Afrika en kenner op die gebied van stedelike terrorisme, het gemeen dat daar nie voldoende fasiliteite vir die opleiding van veiligheidswagte bestaan het nie.[135] Ondernemings is gevra om voorsorg teen terrorisme te tref.[136]

Die weermag het na aanleiding van die SASOL-aanslag landwyd vergaderings gehou om mense oor die aanslag in te lig. Klem is gelê op die feit dat die vyand homself ten doel gestel het om die infrastruktuur aan te val.[137] In weerwraak op die

---

[130] P.H. van der Weel, "Zuid-Afrika heeft nog weinig tyd", in *De Telegraaf*, 04.06.1980.

[131] K.W. Grundy, *The militarization of South African politics* (Oxford, Oxford University Press), p. 105.

[132] Anon, "The heat is on", *To the Point*, 9(24), 13 Junie 1980, pp. 10-11.

[133] T. E. W. Schumann, "Prime target of communists: Oil and mineral treasure houses", *SA Observer*, 25(9), Julie 1980, pp. 7-8.

[134] V. Gibbons, "Brief: Inflammatory situation", *To the Point*, 9(26), 27 Junie 1980, p. 6.

[135] Anon, "Prioriteite verander na bomme", in *Vaalweekblad*, 13.06.1980; Die Erasmus-kommissie het reeds in 1976 bevind dat besture van nywerhede oor 'n aantal aspekte waaronder veiligheid traak-my-nie-agtig was, vgl. Anon, "Toestande in nywerheid ondersoek: Besture is traak-my-nie-agtig sê Erasmus-kommissie", in *Vaalweekblad*, 20.08.1976.

[136] Anon, "Beveg terrorisme deur voorsorg te tref", in *Vaalweekblad*, 15.07.1980; Anon, "Traak- my-nieagtig oor terrorisme" in *Vaalweekblad*, 18.07.1980.

[137] G. Thatcher, "South Africa: Military enlists whites in 'total war' against internal unrest", *Christian Science Monitor*, 72(215), 29 September 1980, p. 5.

Silverton bankbeleg in Januarie 1980, die SASOL-aanslag in Junie 1980 en verskillende aanvalle op polisiekantore, is die ANC-hoofkwartier in Maputo aan die einde van Januarie 1981 aangeval.[138]

Sekuriteitsbewustheid in die Vaaldriehoek het 'n oplewing getoon en daar is besef dat die gevegsfront van die grens met Angola na die Vaaldriehoek verskuif het. Vaaldriehoekers is gevra om te sorg dat die Vaaldriehoek as deel van die land se nywerheidshartland teen terroriste-aanslae beveilig word.[139]

### 2.4.4 MK-BEDRYWIGHEDE NA DIE OPSKORTING VAN DIE GEWAPENDE STRYD

Alhoewel die gewapende stryd teen die begin van die tagtigerjare in omvang toegeneem het, was daar 'n afname na 1987. Daar was 'n aantal redes vir dié situasie, soos opponerende faksies in die *townships*, die noodtoestand van 1985, die dood van pres. Samora Machel in Oktober 1986 ten tye van 'n *Resistacia Nacional Mocambicana* (RENAMO) offensief in Mosambiek en 'n sterk Suid-Afrikaanse militêre teenwoordigheid in Namibië.[140] Die teenrewolusionêre strategie, die neutralisering van buurstate en 'n doeltreffende spioenasiestelsel het teen 1989 tot 'n betekenisvolle afname in die gewapende stryd gelei.[141] Die opskorting van die gewapende stryd is by wyse van onderhandeling geformaliseer nadat F. W. de Klerk by P. W. Botha as staatspresident oorgeneem het. Die aankondiging van 2 Februarie 1990 dat die ANC en ander organisasies ontban gaan word en Nelson Mandela vrygelaat gaan word, het meegebring dat die stryd deur politieke beraadslaging vervang is.

---

[138] Anon, "Drie ANC-basisse vernietig: Suid-Afrikaners val Maputo binne", *SA Oorsig*, 6 Februarie 1981, p. 4; Anon, "Geen jammerte vir terroriste" *SA Oorsig*, 13 Februarie 1981, p. 8; Vgl. ook H.R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse krygsmag* (Johannesburg, Bison, 1985), p. 178.

[139] Anon, "Sasolskok", in *Vaalweekblad*, 03.06.1980; Anon, "Prioriteite verander na bomme", in *Vaalweekblad*, 13.06.1980.

[140] S. Ellis & T. Sechaba, *Comrades against apartheid*, pp. 163 - 165.

[141] S. Ellis & T. Sechaba, *Comrades against apartheid*, p. 174.

Dit het egter nie beteken dat militêre aktiwiteite van MK-kaders in die Vaaldriehoek sonder meer gestaak is nie. MK-lede was sedert 1990 met die organisering van selfbeskermingseenhede gemoeid. Daar word egter vermoed dat MK-lede ook betrokke was by voorvalle van gewapende roof waarin AK47-gewere gebruik is. Afvallige groepe MK-guerrillas het sedert 1990 in onrusareas die wet in eie hande geneem. Die groepe het hulleself as 'n onafhanklike militêre mag gesien met hulle eie unieke metodes om geweld te beheer. Daar was selfs gerugte in omloop dat daar in die Vaaldriehoek 'n persoon was wat vanuit 'n hostel, in die naam van MK, 'n private leër bedryf het en selfs beskermingsfooie van inwoners geëis het.[142] MK is ook daarvan beskuldig dat hy 'beskermingsgeld' van besighede gevra het.[143] Nog 'n rede was dat teruggekeerde MK-lede nie geld gehad het nie. Aan die ander kant word daar gemeen dat die ANC geld bymekaargemaak het met die oog op die 1994-verkiesing.[144]

Sedert 1990 was daar in die Vaaldriehoek 'n geweldige toename in die aantal gewapende rooftogte.[145] Aan die begin van November 1990 is 'n rooftog met AK47-gewere by die Vereenigingse mark uitgevoer. Hiertydens is een sekuriteitswag gedood en nog een gewond. Dit was die negende gewapende rooftog in vyf dae in die Vaaldriehoek.[146] In Desember 1991 is 'n polisieman in 'n rooftog by Price Club op Vanderbijlpark doodgeskiet,[147] en in Vereeniging het 'n man met 'n AK47-geweer op 'n voetganger geskiet.[148]

---

[142] E. Koch, "MK rebels turn to gangsterism", *The Weekly Mail*, 08-14 Mei 1992.

[143] Anon, "MK protection racket denied", in *Vaal Ster*, 26-30.04.1993.

[144] MAV, p. 177. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging; MAV, p. 216. 27112000, Botha, W.M., (34) Vereeniging.

[145] M. Schwenn, "Kommer oor aanvalle", in *Vaalweekblad*, 06.07.1990.

[146] M. Schwenn, "AK-47 skrikbewind: Man doodgeskiet, R180 000 buitgemaak", in *Vaal Ster*, 12-16.11.1990.

[147] MAV, p. 177. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

[148] D. Jensen, "Volop skote klap in Vaaldriehoek", in *Vaalweekblad*, 13.09.1991.

'n Teruggekeerde MK-lid het in Januarie 1992 gesterf nadat hy in Sharpeville 'n handgranaat tussen 'n groep polisiemanne in gegooi het.[149] Die polisie was tydens die voorval op soek na MK-lede wat met bepaalde misdade verbind is. Twee polisiemanne, R.G. Scholtz en M.J. Botha, is in dié voorval beseer, terwyl twee MK-lede doodgeskiet is.[150] In Maart 1994 is twee sekuriteitswagte by Shoprite/Checkers in Arconpark doodgeskiet.[151] Daar word vermoed dat MK vir dié aanval verantwoordelik was.[152]

J. G. C. Tredoux, oudpolisieman verbonde aan die moord-en rooftak in Vereeniging, het vertel dat heelwat rowers tydens ondervraging beweer het dat hulle opdrag van die ANC ontvang het om rooftogte te pleeg.[153] Politieke- en gewone misdaad het vervleg geraak deurdat gewone misdadigers ook begin het om AK47-gewere te gebruik.[154]

Ná die ontbanning van die ANC is daar voortgegaan met die verspreiding van wapens. Daar is aanvanklik beoog om bevryde areas in die Vaaldriehoek te skep.[155] Uitgesoekte MK-lede het SVE'e bewapen en opgelei.[156] Die feit dat SVE'e bewapen was, maar nie oor militêre dissipline beskik het nie, het tot menseregteskendings gelei.[157] Die stigting van gewapende militia in die Vaaldriehoek is aanvanklik deur die ANC in reaksie op die konflik met die IVP goedgekeur. Die stigting van SVE'e in die

---

[149] Anon, "ANC exile dies after grenade explotion", in *Vaalweekblad*, 31.01.1992.

[150] MAV, p. 177. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

[151] Anon, "Koeëlreën eis 2", in *Vaal Ster*, 01.04.1994, p. 1.

[152] MAV, p. 177. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

[153] MAV, p. 59. 20012000, Tredoux, J. G. C., (66) Drie Riviere; Vgl. ook Anon, "ANC-lede moes stryd met rooftogte finansier", in *Beeld*, 22.07.1998.

[154] Vgl. Anon, "NP-beleid grondoorsaak van skokkende misdaad", in *Patriot*, 11.01.1991; R. Fitchat, "Vinnige optrede fnuik man met AK-47", *Vaalweekblad*, 15.11.1991.

[155] SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF: SA Defence Force involvement in the internal security situation in the Republic of South Africa (http://www.truth.org.za/submit/sadf.htm), p. 25.

[156] TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 638.

[157] TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 639.

Vaaldriehoek het egter tot 'n magstryd tussen teruggekeerde MK-lede en ander strukture gelei.[158] In Sharpeville het SVE'e tussen Februarie 1993 en laat in 1994 onder mekaar geveg. Daar word beweer dat een SVE, die *Germans*, met die veiligheidsmagte saamgewerk het. 'n Magstryd tussen SVE'e in Sebokeng het tot die dood van verskeie mense gelei.[159]

## 2.5 DIE AKTIWITEITE VAN DIE *AZANIAN PEOPLE'S LIBERATION ARMY* (APLA) IN DIE VAALDRIEHOEK

Die PAC het 'n belangrike rol gespeel in die mobilisering van die Vaaldriehoekse swart bevolking teen die dra van passe aan die begin van 1960. Dié aksie het op die Sharpeville-slagting uitgeloop.[160] Die betrokkenheid van die PAC in die veldtog teen die dra van passe het tot sy verbanning in 1960 gelei. Ná sy verbanning was die PAC in 'n beperkte gewapende stryd betrokke.[161] Met die aanvang van die gewapende stryd het die gewapende vleuel van die PAC as POQO bekend gestaan. Daar is in 1962 besluit dat dié jaar 'n jaar van militêre aksie sou wees, en ondergrondse selle is georganiseer.[162] POQO is drie maande voor MK gestig.[163] POQO was egter nie so goed soos MK georganiseer nie en het met aanvalle in die Oos-Kaap en Transkei begin.[164] Die dryfkrag agter POQO was 'n haat teen blankes. Die PAC het gehoop dat die groot rewolusie gedurende April 1963 sou uitbreek. Lede van die polisie, kommando's en die hele blanke bevolking sou die teikens

---

[158] TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 691; Vgl. ook ANC, Further submissions and responces by the ANC to questions raised by the commission for truth and reconciliation (www.anc.org.za/ancdocs/misc/trc2.html), p. 40.

[159] TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 692; Vgl. ook MAV. p. 112. 23042000. Molefi, M. J., (44) Vereeniging; MAV. p. 144. 26062000. Deyzel. G., (30) Vanderbijlpark.

[160] P. Frankel, *An ordinary atrocity: Sharpeville and its massacre* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 2001), p. 44.

[161] TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 367.

[162] H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story*, p. 24.

[163] TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 367.

[164] R.I. Rotberg, *Suffer the future...*, p. 71.

wees. Daar is onder meer ook beplan om die Barrage onderkant Vanderbijlpark op te blaas sodat oeste, vee en blankes stroomaf sou kon verdrink.[165] Ná 'n perskonferensie in Maart 1963 waar P.K. Leballo verklaar het dat 150 000 PAC-lede gereed was om die mag oor te neem, het die polisie toegeslaan en die PAC-offensief vernietig.[166]

Die binnelandse aktiwiteite van die PAC het in die laat tagtigerjare weer begin opleef. Die historiese sentimentele verbindinge tussen die PAC en swart versetaktiwiteite in die Vaaldriehoek het tot insidente gelei wat onregstreeks die vredesproses in die wiele kon ry. Die *people's war* van die PAC was deurgaans teen die veiligheidsmagte en die blanke bevolking gemik. 'n PAC-lid uit die Vaaldriehoek, M. Komane, het tydens die Sharpeville-fees van 21 Maart 1992 in die George Thabe-stadion gesê dat die polisie en weermag aangeval moes word en dat die oorlog na die blanke gebiede uitgebrei moes word. Nog 'n Vaaldriehoekse PAC-lid het tydens 'n PAC-byeenkoms op Freedom Square, Palm Springs Vereeniging, op 20 Mei 1992 gemeen dat die blankes die vyand was en dat "Azaniërs" oorlog teen hulle moes verklaar.[167]

APLA-aanvalle sedert 1990 het op bevel van die APLA-hoofkwartier geskied en daar is oor elke aanval in die mondstuk van APLA se *Azania Combat* berig en genoem dat die organisasie aan die voorpunt van die guerillaoorlog in die land gestaan het.[168] Opleiding is in Angola en Tanzanië ontvang en het hoofsaaklik op stedelike terreur gefokus. Teruggekeerde APLA-lede het ook in die Vaaldriehoek opleiding gegee. Ene Kiki Mathebule het agter Gebied 10 in Sharpeville opleiding gegee.[169] APLA-lede het Suid-Afrika vanuit Botswana geïnfiltreer op pad na die PWV-gebied.[170]

---

[165] P. Stiff, *The silent war*, p. 19.

[166] C. Saunders, *Illustrated history of South Africa: The real story*, p. 411.

[167] H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story*, p. 108.

[168] H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story*, p. 123.

[169] MAV, p. 214. 27112000, Botha, W. M., (34) Vereeniging.

[170] MAV, p. 175. 03072000, Scholtz, R. G., (35) Vereeniging.

### 2.5.1 APLA-OPERASIES IN DIE VAALDRIEHOEK

APLA het in '*strike unit*'- en '*task unit*'-verband geopereer.[171] Taakmagte het bestaan in die PWV-gebied, die Oos-Kaap en die Wes-Kaap.[172] Die leier van 'n taakmag was aan die streekskoördineerder verantwoordelik. Lede van die taakmagte was dikwels buite hulle eie streke by misdaad betrokke. Hulle het wel aanvalle op die veiligheidsmagte en opponerende groepe in hulle eie areas uitgevoer. Aanvalseenhede het hulle teikens geïdentifiseer en landwyd geopereer.[173]

Daar was ook in die Vaaldriehoek APLA '*taskforce*'-bedrywighede.[174] Ene Old Man Tinane was in Gebied 13 van Sebokeng en op Vanderbijlpark bedrywig. Daar word vermoed dat Kiki Mathebule by rooftogte op Vanderbijlpark betrokke was.[175] Die groot naam destyds in omloop was dié van Carl Zimbiri, wat 'n spookfiguur was.[176] Alhoewel APLA oor sy militêre vermoë gespog het, was die organisasie nie baie aktief nie weens 'n tekort aan geld en 'n gebrek aan steun.[177]

In die vroeë negentigerjare het direkte terreuraanvalle op lede van die publiek begin plaasvind. In die laaste week van Maart 1991 is A. R. Conser ernstig gewond toe hy en D. J. de Bruyn een oggend onderweg na hul werkplek in Döngesstraat, Vanderbijlpark, deur persone gewapen met AK47-gewere aangeval is. Conser het later aan sy beserings beswyk.[178] Volgens berigte in die *Citizen* en *Vaalweekblad* is

---

[171] MAV, p. 214. 27112000, Botha, W. M., (34) Vereeniging.

[172] H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story*, p. 125.

[173] Ibid.

[174] MAV, p. 214. 27112000, Botha, W. M., (34) Vereeniging.

[175] MAV, p. 215. 27112000, Botha, W.M., (34) Vereeniging.

[176] MAV, p. 214. 27112000, Botha, W.M., (34) Vereeniging; MAV, p. 241. 13.01.2001, Seepe, M.J., (26) Vereeniging.

[177] MAV, p. 214. 27112000, Botha, W.M., (34) Vereeniging.

[178] R. Fitchat, "Murdered on his way to work", in *Vaal Ster*, 22-26.03.1991.

verwag dat die kultuur van geweld en politieke oorlogvoering ook na die blanke woonbuurte kon oorspoel.[179]

In Julie 1992 was lede van die PAC en die polisie in 'n skietery in die begraafplaas van Evaton betrokke.[180] Op 4 Januarie 1993 het die opperbevel van APLA 'n tydelike en taktiese afskaling van sy terreurveldtog teen blankes aangekondig. Die minister van wet en orde het gewaarsku dat dié stap slegs gedoen is om by die polisie 'n valse gevoel van veiligheid te skep.[181] APLA het egter gedreig dat 1993 die "jaar van die groot storms" sou wees.[182]

Die voertuig van die Mitchell-gesin van De Deur is op die oggend van 19 Maart 1993, naby Eikenhof, deur persone met AK47-gewere aangeval. Die aanvallers het aanvanklik 'n skoolbus in gedagte gehad, maar het besluit dat dit makliker sou wees om 'n privaat voertuig met skoolkinders as teiken uit te kies. In die voorval is onder andere die 13-jarige Claire Silberbauer en 11-jarige Shaun Nel gedood.[183] Die voorval sou jare daarna steeds die nuusblaaie haal.[184] Die drie veroordeeldes in die Eikenhof-saak het in November 1999 amnestie ontvang.[185]

In Julie 1993 is daar op lede van die Afdeling Binnelandse Stabiliteit (ABS) gevuur nadat hulle by 'n padversperring voorgekeer is.[186] 'n Maand later het drie mans wat

---

[179] Anon, "Comment: Protect us", in *Citizen*, 07.09.1991; D. Jensen, "Volop skote klap in Vaaldriehoek", in *Vaalweekblad*, 13.09.1991; R. Fitchat, "Vinnige optrede fnuik man se planne met AK 47", in *Vaalweekblad*, 15.11.1991.

[180] Anon, "Shootout in cemetary", in *Vaal Ster*, 20-24 Julie 1992.

[181] P. Fabricius, "Apla attakcs suspended – Kriel", in *Star*, 25.01.1993.

[182] Anon, "The scarlet threat", *Impact*, nr.15, Mei 1993, p. 6.

[183] Anon, "Begelei busse", in *Vaalweekblad*, 02.04.1993; MAV, p.214. 27112000, Botha, W.M., (34) Vereeniging; Vgl. ook Suid-Afrka (Republiek), *Debatte van die parlement: vyfde sessie, negende parlement*, no. 9, 29 Maart – 2 April 1993, kolom 3898.

[184] E.Gibson, "Eikenhof-drie se appél aangehoor in November", in *Beeld*, 08.07.1998.

[185] Anon, "Eikenhof-drie vry, maar talle vrae bly", in *Beeld*, 10.11.1999; S. Bokaba & T. Mothibeli, "Freed Eikenhof three to sue", in *Star*, 10.11.1999.

[186] Anon, "Padversperring eis byna 2 SAP's", in *Vaal Ster*, 12-16.07.1993.

hulle as APLA-lede voorgedoen het, 'n bejaarde egpaar en hulle kleinseun in hulle woning in Duncanville in Vereeniging gyselaar gehou.[187] Gedurende November 1993 het onbekende aanvallers op 'n gesin van Vereeniging wat op die R26 onderweg was, met AK 47-gewere gevuur.[188]

In Februarie 1994 het 'n Russiese F1-handgranaat by die Leeuhof Gevangenis op Vereeniging ontplof. Drie bewaarders is gedood en een is ernstig beseer.[189] Konstabel Piet Gouws van Sonlandpark het op 31 Maart 1994 saam met nog drie ander lede van die polisie in 'n hinderlaag in Orange Farms gesterf. Volgens sy ouers het die polisie nie-amptelik aan hulle gesê dat APLA vir die hinderlaag verantwoordelik was.[190] APLA-lede was ook betrokke in gevalle van gewapende roof. Ook in hierdie geval het misdaad en politiek vervleg geraak.[191] Sulke dade is egter deur die organisasie as 'rewolusionêre' beslaglegging gesien en was ook sy grootste bron van inkomste.[192]

Die feit dat die PAC sterk historiese bande met die Vaaldriehoek gehad het, was betekenisvol. Ontevredenheid in Sharpeville het tot die massademonstrasie en gevolglike skietery daar op 21 Maart 1960 gelei. Die optrede van die PAC ná 1990 kan daaruit verklaar word dat die organisasie 'n rassistiese ingesteldheid gehad het en die onderhandelingsproses as 'n gaping vir gewapende optrede gesien het.[193]

---

[187] J. Farr, "Baby held hostage by APLA", in *Vaal Ster*, 23-27.08.1993.

[188] E. Smit, "Na AK-47 aanval op snelweg...Wonderwerk van Here dat ons leef!", in *Vaalweekblad*, 19.11.1993.

[189] I. Pretoruis, "Handgranaat-slagoffers op moeilike herstelpad", in *Vaalweekblad*, 04.03.1994; MAV, p. 177. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

[190] MAV, p. 193. 27072000, Gouws, B.J., (56) Gouws, S.M.D., (55) Sonlandpark.

[191] Vgl. Anon, "NP-beleid grondoorsaak van skokkende misdaad", in *Patriot*, 11.01.1991, p.11; Vgl. Anon, "So goedkoop die lewe...: Nuwe geslag SA boewe wat eers moor dan roof", *Huisgenoot*, nr. 3663, 10 Januarie 1991, p. 18.

[192] Anon, "Rewolusionêre beslaglegging was Apla se inkomste", in *Beeld*, 08.10.1998.

[193] Vgl. Anon, "No race war – PAC", in *Vaal Ster*, 26.03.1993.

## 2.6 VOORVALLE VAN TERRORISME IN DIE VAALDRIEHOEK

Daar was in die tydperk 1974-1994 ook voorvalle van terrorisme in die Vaaldriehoek. Voorvalle elders het daartoe gelei dat inwoners van die Vaaldriehoek betyds gewaarsku is om bedag op terrorisme te wees. Die Silverton voorval van 25 Januarie 1980 het die publiek laat besef dat stedelike terrorisme 'n werklikheid was.[194] Die speurhoof van Soweto, brig. K. Coetzee, het tydens die Republiekfeesvieringe van 31 Mei 1979 op Meyerton in sy toespraak oor binnelandse veiligheid gesê dat terrorisme nie slegs 'n saak vir die polisie was nie.[195] Die moontlikheid dat swart werkers terroriste kon wees, het daartoe gelei dat mense gemaan is om hulle werkers te registreer of 'n boete van tot R500 in die gesig te staar.[196]

Die destydse distrikskommandant van die polisie in Vereeniging, kol. J.G. Bender, het reeds gedurende November 1979 die Sekuriteitsvereniging van Suid-Afrika se Vereenigingtak oor veiligheid toegespreek. Hy het gemaan dat dit die plig van sekuriteitsafdelings en handelsake in die Vaaldriehoek was om op moontlike terroriste-aanvalle voorbereid te wees.[197] Die Vereenigingse brandweer het deur middel van praatjies en demonstrasies probeer om die publiek oor terrorisme in te lig.[198]

Die eerste voorval van terrorisme het in Januarie 1980 op 'n plaas in die Vredefort distrik plaasgevind, toe twee mans wat beweer het dat hulle Rhodesiese terroriste was 'n blanke bejaarde egpaar beroof het.[199] Die eerste gewapende aanval in die Vaaldriehoek het ook in Januarie 1980 voorgekom toe 'n ene Tusco Morali 'n

---

[194] H. R. Pike, *A history of communism in South Africa*, p. 492; H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story*, p. 55.

[195] Anon, "Terrorisme nie net saak vir die polisie: brigadier", in *Vaalweekblad*, 12.06.1979.

[196] Anon, "Skrik wakker of dok op", in *Vaalweekblad*, 20.07.1979.

[197] Anon, "Wees voorbereid maan polisiehoof", in *Vaalweekblad*, 30.11.1979.

[198] MAV, p. 205. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere Oos.

[199] Anon, "Gee geld, terro's wag buite hoor hof", in *Vaalweekblad*, 15.01.1980.

handgranaat in Bophelong gegooi en toe gevlug het.[200] Ná die SASOL-aanslag is fabriekswerkers op sabotasie bedag gemaak. Die polisie het aan werknemers van verskeie sleutelfabrieke in die Vaaldriehoek gewys hoe kleefmyne lyk waarmee sabotasie gepleeg word.[201] In Januarie 1982 is daar by 'n elektriese substasie op Vanderbijlpark ingebreek, waartydens een elektriese kabel afgesaag en 'n ander afgebreek is. By 'n tweede substasie is die woorde "*Black power is in town again*" op die mure geverf.[202] Gedurende die laaste week van Julie 1982 is vier winkels op Vanderbijlpark in 'n brand verwoes en op die toneel is 'n petrolbom gevind.[203]

Sabotasie en nywerheidsdiefstal is as bewys van die "vyandelike, opruiende en kriminele aanslae teen die land" gesien. Ná die swak opkoms vir 'n vergadering in Februarie 1983 van die Vaal tak van die Sekuriteitsvereniging van Suid-Afrika, is daar in die *Vaalweekblad* gevra of dit nog 'n bom sou kos om die sakelui van die Vaaldriehoek veiligheidsbewus te maak.[204] Op 20 Mei 1983 het 'n kragtige motorbom, die Kerkstraatbom, in die middestad van Pretoria ontplof waartydens heelwat mense gedood en beseer is. Daar is aan die SASOL-aanslag teruggedink en gewaarsku dat dié aanslag ook deur 'n terroriste-aanslag in Pretoria, die Silverton voorval, voorafgegaan is. Daarom is geglo dat 'n volgende terreurvoorval in die Vaaldriehoek kon plaasvind.[205] Alhoewel twee werkers in 'n kragtige ontploffing by die African Explosives and Chemical Industries (AECI) fabriek op Sasolburg gedurende Julie 1983 gesterf het, kon dié voorval egter nie aan sabotasie gekoppel word nie.[206]

---

[200] MAV, p. 174. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

[201] Anon, "Foto: Kapt. Tienie Halgryn ... het Dinsdag by verskeie sleutelfabrieke in die Vaaldriehoek...", in *Vaalweekblad*, 31.07.1981.

[202] Anon. "Sabotasie in Vaal: Polisie ondersoek inbraak", in *Vaalweekblad*, 22.01.1982; MAV, p. 78. 22022000, Coetzee, E.R., (47) Risiville.

[203] Anon, "Vlamme verwoes vier winkels: Petrolbom dui op brandstigting", in *Vaalweekblad*, 27.07.1982.

[204] Anon, "Sekuriteit: Moet nog 'n bom ons wakker skud?", in *Vaalweekblad*, 18.02.1983.

[205] Anon, "Terreur: Dit kan hier ook gebeur", in *Vaalweekblad*, 27.05.1983.

[206] Anon, "Twee dood in ontploffing", in *Vaalweekblad*, 15.07.1983.



Illus. 14: Adjudant-offisier Fien Terreblanche was in die eerste geveg met terroriste in die Vaaldriehoek op 10 Maart 1984 betrokke. Sy hond, Chaka, het die terroriste agtervolg en drie dae lank vermis.

Bron: C. Vermaak, "Geveg tot die dood toe", *Keur*, 17.06.1988, p. 21.

Vaaldriehoekers is daarvan bewus gemaak dat kleefmynontploffings by verskillende elektriese substasies in Johannesburg voorgekom het en dat die kantore van die Republiek van Ciskei in Pretoria en in Johannesburg die prooi van bomaanslae was. Na aanleiding van plastiese springstof wat in September 1983 teen 'n kragmas by Risiville in Vereeniging gevind is, is daarop gewys dat vyandelike organisasies ook in die Vaaldriehoek bedrywig was.[207]

In Maart 1984 het die eerste skermutseling in die Vaaldriehoek tussen die polisie en terroriste noord van Evaton plaasgevind.[208] Tydens die skietgeveg is twee polisiemanne gewond en twee terroriste doodgeskiet. Daar is ná die geveg 'n aantal AK47-aanvalsgewere, handgranate en kleefmyne in die voertuie van die terroriste gevind.[209] Daar is vermoed dat die terroriste die treinbrug wat oor die Goue Hoofweg by Orange Farms loop, wou opblaas.[210] 'n Helikopter van 17- eskader het gehelp met die soektog na die ontvlugte terroriste. Die oorblywende terroriste het egter in die gebied verdwyn.[211] Die voorval is as bewys van die feller wordende aanslag gesien.[212] Die waterpyplyn tussen Zuikerbosch-pompstasie en Vereeniging is aan die begin van 1985 in 'n ontploffing beskadig.[213] Aan die einde van Augustus 1985 is daar by die Emfuleni-buiteklub 'n petrolbom gevind nadat die hoofgebou deur 'n brand in puin gelê is.[214]

---

[207] Anon, "Spanwerk die wenresep teen terrorisme", in *Vaalweekblad*, 30.19.1983; Anon, "Plofstof by Risiville kom uit buiteland", in *Vaalweekblad*, 27.09.1983.

[208] T. Heath, "Chaka en die terries", *Servamus*, Julie 1984, p. 30; W.P. van Niekerk, "Sakemanne moet hul deel bydrae", in *Vaalweekblad*, 23.03.1984.

[209] Anon, "Terro's hier wyd gesoek: 2 doodgeskiet, 2 van SAP verwond", in *Vaalweekblad*, 13.03.1984; MAV, p. 119, 01052000, Terreblanche, S.E., (48) Sonlandpark.

[210] C. Vermaak, "Geveg tot die dood toe", *Keur*, 17 Junie 1988, pp. 20-23; MAV, p. 119, 01052000, Terreblanche, S.E., (48) Sonlandpark.

[211] E. R. Coetzee, Plakboek, p. 23.

[212] W.P. van Niekerk, "Sakemanne moet hul deel bydra", in *Vaalweekblad*, 23.03.1984.

[213] W. P. van Niekerk, "Kommentaar: Elkeen se plig om terroris te fnuik", in *Vaalweekblad*, 01.03.1985.

[214] Anon, "Brandbomme by Gholfklub", in *Vaalweekblad*, 27.08.1985.



Illus. 15: Voertuie van die onluste-eenheid op Vanderbijlpark wat na 'n brandbomaanval beskadig is. Datum onbekend.

Bron: *E. R. Coetzee fotoversameling.*

Die verskerping van die gewapende aanslag na 1985 het meegebring dat burgerlikes in verskeie terreurvoorvalle landwyd gedood is.[215] Daar is in die *Vaalweekblad* gewaarsku dat daar in Desember 1986 'n toename van terreurdade sou wees.[216] Die tweejarige Willem van Wyk van Vereeniging is in Desember 1986 in 'n bomontploffing op Amanzimtoti gedood.[217] Die SAP het ook die Vaaldriehoekse publiek ingelig oor die gevaar van terroriste-aanslae en bomontploffings. Plakkate en foto's wat terroristewapens realisties uitgebeeld het, is landwyd vrygestel.[218]

Die polisie het in Junie 1992 'n man met 'n handgranaat in 'n bus op die wawielbrug ontwapen, nadat die bevelvoerder van MK, Chris Hani, as tussenganger opgetree het.[219] Gedurende April 1993 is 'n handgranaat deur die venster van 'n winkel op die Walkerville kleinhoewes gegooi, maar niemand is in die voorval beseer nie.[220] Die Bedworthpark substasie van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (ESKOM) is in September 1993 met kommersiële springstof gesaboteer. Die skade het ongeveer R100 000 beloop.[221] Aan die begin van 1994 is die SASOL-pypleiding, wat brandgas aan nywerhede in die Vaaldriehoek verskaf het, in 'n ontploffing by die Baddrift brug oor die Vaalrivier beskadig. Alhoewel geringe skade aangerig is, het paniek van die publiek daartoe gelei dat 'n skadelose meetinstrument, wat met 'n ketting aan 'n paal in Ringweg, Arconpark, vasgemaak was en wat as 'n bom aangesien is, deur die

---

215 Op 28 November 1985 het terroriste 'n onsuksesvolle vuurpylaanval op Sasol 2 en 3 by Secunda geloods. In die Noord-Transvaal is verskeie burgerlikes in landmynvoorvalle gedood. Vgl. Anon, "Vuurpylaanval op Sasol", *SA Oorsig*, 6 Desember 1985, p. 1117.

216 Anon, "ANC-aanslag verskerp", in *Vaalweekblad*, 21.11.1986.

217 Anon, "Terreur in inkopiesentrum", Die Vaderland 30.12.1986 in *Suid-Afrikaanse Oorsig*, 10 Januarie 1986, p. 7; Vgl. ook TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report* (Cape Town, Juta, 1998), p. 330.

218 Anon, "Terroriste-aanslae: Wees die vakansie op jul hoede, maan polisie", in *Vaalweekblad*, 18.12.1987; Vgl. Anon, "Plakkate van terroristewapens in polisiekantore", *SA Oorsig*, 11 November 1988, p. 4; Sien ook hoofstuk 9, burgerlike beskerming.

219 Anon, "Handgranaat afgeneem", in *Vaalweekblad*, 03.07.1992.

220 Anon, "Man spring dood vry toe handgranaat ontplof", in *Vaalweekblad*, 16.04.1993.

221 Anon, "Substasie gesaboteer", in *Vaalweekblad*, 17.09.1993.

polisie in 'n beheerde ontploffing vernietig is.[222] Nadat 'n oplettende werknemer van die Vereeniging stadsraad 'n verdagte toestel by 'n elektriese substasie in Powerville opgemerk het, is dié bom deur die bomopruimingseenheid onskadelik gestel.[223] Kort voor die verkiesing in April 1994 is ook die pyplyn van Petronet tussen Deneysville en Sasolburg gesaboteer. Alhoewel die vlamme as gevolg van die ontploffing tot in Vanderbijlpark gesien kon word, is slegs geringe skade aangerig.[224]

## 2.7 DIE VIND VAN WAPENOPSLAGPLEKKE EN GEVAARLIKE WAPENS

'n Aantal wapenopslagplekke is destyds in en om die Vaaldriehoek gevind. Dié opslagplekke het gewissel van slegs enkele wapens tot arsenale. Die gevolgtrekking is gemaak dat van die wapens in aanslae in die streek gebruik kon word. Daar is ook heelwat Suid-Afrikaans vervaardigde wapens en ammunisie gevind. Die wapens was egter meestal afkomstig van soldate wat dit as aandenkings wou behou.[225]

Kort ná die Silverton-voorval is 'n handgranaat oor die snelwegbrug onderkant die Barrage opgemerk. Die verkeer is vir 'n halfuur lank tot stilstand gebring, sodat die handgranaat gedetoneer kon word.[226] In Februarie 1982 is 'n geweergranaat van onbekende herkoms deur leerlinge van die Laerskool Fakkel op Sasolburg op die skool se sportterrein gevind. Dié granaat is deur plofstofdeskundiges van die weermag onskadelik gestel.[227] Die ontdekking van 'n terroriste-opslagplek naby Westonaria en die sabotasie van 'n belangrike waterpypleiding tussen Suikerbosch-pompstasie en Vereeniging in Maart 1985, gekoppel aan vorige sabotasiepogings in die Vaaldriehoek, het die vermoede laat ontstaan dat die streek 'n volgende teiken

---

[222] Anon, "Gaspyp gesaboteer: Bom skok Vaaldriehoek", in *Vaal Ster*, 14-18.02.1994.

[223] Anon, "Bom ontlont", in *Vaal Ster*, 07-11.03.1994.

[224] Anon, "Bom ruk Vaal", in *Vaalweekblad*, 29.04.1994.

[225] Sien ook hoofstuk 12, misdade begaan deur soldate.

[226] Anon, "Bom op brug 'n raaisel", in *Vaalweekblad*, 15.02.1980.

[227] Anon, "Geweergranaat by skool gevind", in *Vaalweekblad*, 09.02.1982.



**Terro-wapens**

**Foto: Konsts. Charmaine van Eeden Winkel en Annelize Jordaan sit hier by die Russiese vuurwapens en plofstof wat Sondag naby Walkerville deur die polisie gevind is.**

Illus. 16: Een van die opslagplekke wat in en om die Vaaldriehoek gevind is.
Bron: Anon, "Toestelle van dood gevind", in *Vaalweekblad*, 25.11.1988.

van die land se vyande was. Die publiek is ook aangemoedig om te sorg dat die taak van terroriste bemoeilik word.[228]

Gedurende Mei 1985 is een van die grootste wapenopslagplekke wat tot in daardie stadium binne die grense van die land ontdek is, naby Vredefort blootgelê.[229] Ná die ontdekking van die opslagplek is daar gemeen dat van die instellings of dorpe van die Vaaldriehoek terreurteikens kon wees. Die publiek is ook gemaan om bedag te wees op die bewegings van terroriste in stedelike gebiede.[230] Gedurende Augustus 1985 het die polisie op tuisgemaakte wapens in die Meyerton-distrik beslag gelê nadat een persoon gewond is.[231] Gedurende November 1988 is 'n wapenopslagplek met 'n groot aantal terreurwapens naby Walkerville gevind.[232] Die eerste pistole wat outomaties kon skiet, is by die John Bosco kollege, tussen Daleside en Walkerville, ontdek.[233] Daar is vermoed dat Hein Grosskopf dié wapenopslagplek gestig het.[234] By die ISCOR hostelle is ook wapens en plofstof gevind.[235] Verskeie militêre wapens het as gevolg van swak beheer in die verkeerde hande beland. 'n Geweergranaat is op die plafon van 'n huis op Vanderbijlpark gevind en 'n 90mm-projektiel van onbekende herkoms is by die Vereeniging-polisiestasie ingehandig. Traangasgranate en donderbuise is by verskillende geleenthede in die Vaaldriehoek misbruik.[236]

---

[228] W.P. van Niekerk, "Elkeen se plig om terroris te fnuik", in *Vaalweekblad*, 01.03.1985.

[229] Anon, "Bomme, wapens in gat gekry", in *Vaalweekblad*, 17.05.1985.

[230] Anon, "Kommentaar: Rooi wapens vir Vaal bedoel", in *Vaalweekblad*, 17.05.1985.

[231] Anon, "Uiters gevaarlike wapens gevind", in *Vaalweekblad*, 09.08.1985.

[232] Anon, "Toestelle van dood gevind", in *Vaalweekblad*, 25.11.1988.

[233] MAV, p. 161, 27062000, Van der Walt, F. P., (42) Vereeniging.

[234] MAV, p. 217, 27112000, Botha, W. M., (34) Vereeniging.

[235] MAV, p. 174, 03072000, Scholtz, R. G., (35) Vereeniging.

[236] DDD, 41 HK (Gp1), H32, 202/4/2: Sekerheid – Sekerheid van materiaal – Diefstal, verliese, smokkel (04.02.1980 –08.02.1986).

## 2.8 SAMEVATTING

Die gebeure by Sharpeville in 1960 het 'n fundamentele verandering in die aard van die politieke konflik in Suid-Afrika meegebring. Dié gebeurtenis was vir swart versetbewegings instrumenteel in die besluit om tot die gewapende stryd oor te gaan. Verset teen die regering het ná 1963 getaan maar ná die onluste van 1976 weer momentum gekry.[237] Dit was egter die Vaaldriehoekse onluste van 3 September 1984 wat die *people's war*-gedagte laat versprei het.

Die strategiese belangrikheid en die groot swart werkersklas het tot gevolg gehad dat swart militêre bewegings soos MK en APLA ook in die Vaaldriehoek aktief was. 'n Aanslag is op SASOL geloods en elektriese substasies en pyplyne is gesaboteer. Heelwat opslagplekke is in die Vaaldriehoek ontdek. Later was daar ook gewapende aanvalle op die polisie en op die publiek. Die feit dat swart dorpe oor die algemeen ver weg van die blanke nedersettings, lughawens en ander strategiese plekke geplaas was, het dit vir rewolusionêre magte baie moeilik gemaak om strategiese doelwitte te bereik.[238]

In die volgende hoofstuk word die verskillende Vaaldriehoekse veiligheidsmagte (weermag en polisie) as beskermers van die streek behandel.

---

[237] TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report* p. 530.

[238] R. I. Rotberg, *Suffer the future...*, p. 283; L. H. Gann & P. Duignan, *South Africa: War, Revolution, or Peace?*, p. 53; Vgl. P. Frankel, *An ordinary atrocity*, p. 31; Vgl. ook Suid-Afrika, topografiese kaart 1:50 000 VEREENIGING 2627 DB.